Ks3-14
Kerkstraat tussen Kochstraat en Kerkplein.
<u>Optog:  Inhuldiging van Pres. Kruger 1898</u>




President Kruger op 12 Mei 1898 op pad van sy huis na die inhuldiginsplegtigheid wat op die balkon van die Goewermentsgebou plaasgevind het.

Die enkelverdiepinggebou met die staandak op die noord-westelike hoek van Kerk- en Kochstrate was die winkel van P.J. Burger.  Hy was ‘n handelaar in klerasie en kledingstowwe.

Oorkant die staat op die noord-oostelike hoek van  Kerk- en Kochstrate is die winkel van Bourke & Co.  Hulle het kruideniersware en klerasie verkoop.

Die klein geboutjie tussen Bourke en Gillingham was ‘n groentewinkel.  In 1899 het J. Meyer daar handel gedryf.  Of hy in 1898 ook daar was is nie seker nie.

Die volgende gebou was S. Gillingham se bakkery.  Dit was in 1889 reeds daar.

Die volgende gebou word gedeel deur Pegg & Osborne en S. Sandwick.

-----------------------------------------------------